

Welkom by die kantlyn: Afrika-akademici in Suid-Afrika se universiteite

Dr Precious Simba

Die beeld van die moderne Suid-Afrikaanse universiteit is een van openheid: oop vir plaaslike kontekste, oop vir Afrika, oop vir die wêreld. Dit is 'n vertroostende prentjie wat ons toelaat om te glo dat ons meer inklusief, meer getransformeerde en meer globaal betrokke is. Dekolonisering, transformasie en internasionalisering is tans die heilige drie-eenheid in akademiese retoriek in Suid-Afrika.

Die Universiteit van Kaapstad beskryf homself byvoorbeeld met vrymoedigheid as 'n "globale universiteit in Afrika ..." Fort Hare definieer homself as 'n "universiteit met die rykste erfenis op die vasteland van Afrika". En die Universiteit Stellenbosch (US) se restitusieverklaring eindig soos volg: "Die US verbind hom onvoorwaardelik tot die ideaal van 'n inklusiewe, wêreldklas-universiteit in en vir Afrika." Maar agter hierdie progressiewe narratiewe skuil 'n stiller, meer verraderlike waarheid – een wat ons in ons onlangse studie van twee jaar trompop probeer loop het.

In ons boek [Academic Xenophobia: African Scholars in South African Universities](#) dokumenteer ons die geleefde ervarings van buitelandse swart akademici wat in Suid-Afrika se 26 openbare universiteite werk. Wat ons blootgelê het, is nie verbasend as 'n mens fyn in die gange van hoër onderwys luister nie. Wel verbasend is hoe hierdie stories aanhoudend geïgnoreer of uitgedoof word.

Kom ek stel dit duidelik: Xenofobie in universiteite gaan nie met kapmesse en woedende gepeupels gepaard nie. Dit is selde luid of waarneembaar. Dit dra 'n pak, is die voorsitter van 'n komitee, stel 'n beleid op. Dit is beleefd en prosedureel, dog vernietigend.

Ons studie het getoon dat die gevoelens van marginalisering en 'n onseker bestaan nie altyd daar was nie. Swart akademici wat met die aanbreek van die demokratiese era na Suid-Afrika gekom het, het dié ruimte verwelkomend en hoopvol gevind. Die hoogtepunt was die era van Afrika-rennaissance, waarvoor pres Thabo Mbeki voorspraak gemaak het. Een akademikus het vertel: *"Ek het diep aan Suid-Afrika verbonde geraak ... My kinders is van hier. Ek het die grootste deel van my volwasse lewe hier deurgebring ... ek hoop ek het die beste teruggegee wat ek kon."* Maar dinge het verander. Die afgelope vyf tot sewe jaar het die gety al hoe meer teen akademici van oorkant die Limpopo gedraai.

Tans word die swart buitelandse akademici gesien as 'n probleem wat bestuur moet word – nemers, eerder as talentvolle bydraers tot die akademiese projek. Al die respondente in ons studie het hulle werk as 'n betekenisvolle bydrae tot Afrika beskou, maar talle het vertel dat hulle as toevallige gaste behandel is – welkom, maar in beperkte mate. Gevoelens van uitsluiting is met tye geopper in die gange van leer, by aanstellingskworums, by die departement van binnelandse sake – 'n plek wat talle met vrees en bewing nader – en in die daaglikse lewe buite die universiteit. Die heersende tendens is dat hierdie akademici gereeld bevordering geweier word, tot eindelose tydelike kontrakte beperk word en tussen instellings geskuif word met geen duidelike pad na stabiliteit nie.

Ons het hierdie verskynsel *akademiese xenofobie* genoem – die subtiele dog stelselmatige uitsluiting van Afrika-akademici van die intellektuele en institusionele lewe van die Suid-Afrikaanse universiteit. Dit is 'n ongemaklike uitdrukking, ek weet. Maar dit lê die vinger op die pols van dít wat talle sou verkies verborge moet bly.

Ons studie het getoon dat die ervaring ook met hiërargiese rasselogika verweef is. Een akademikus het opgemerk: *“Nie een van my twee wit nie-Suid-Afrikaanse kollegas het ooit my lot ervaar nie ...”* Nog een het oor sy tyd by drie Suid-Afrikaanse universiteite opgemerk: *“Dit was vir almal duidelik dat bevordering nie vir my gewink het nie.”* Ongelukkig is hierdie akademikus nou permanent by ’n toonaangewende universiteit in Kalifornië aangestel.

Hierdie is nie geïsoleerde vertellings nie. [HEMIS 2022-data toon](#) dat Afrika-akademici net 8% van permanente poste regoor die stelsel en 13% van tydelike poste beklee. Plattelandse universiteite – soos Fort Hare of Sol Plaatje – is meer verwelkomend as hulle stedelike eweknieë, wat dikwels vae regverdigings oor “geskik”, “meriete” of “institusionele kultuur” opper om uitsluiting te regverdig.

So, wat gebeur hier?

Die antwoord lê in die saamvloeiing van institusionele beleid, nasionale immigrasieraamwerke en samelewingshoudings. Visumbeleide is omslagtig en onvoorspelbaar. Bevorderingskomitees is ondeursigtig. Kollegialiteit – daardie onuitgesproke valuta van die akademiese lewe – word as wapen gebruik teen diegene wat as “buitestanders” beskou word. In die proses word talentvolle akademici aan ander lande afgestaan of na intellektuele afsondering gedwing.

Een akademikus het dit aangrypend gestel: *“As ek kon, sou ek ’n pad kies wat heeltemal van instellings wegstuur, in ag genome hoe inherent skadelik hulle kan wees deur mens weggooibaar en ondergewaardeer te laat voel.”*

Tóg moet ons wanhoop weerstaan. In die studie het ons glinsterings van ’n etiek van gasvryheid gesien, al was dit meestal in departemente gelokaliseer en nie ’n institusionele houding nie. Daar is inderdaad plek-plek uitnemendheid – universiteite wat dit regkry, al is dit oneweredig. Daar is leiers wat ware transformasie voorstaan en beleide wat uitgebrei kan word. Die taak is nie om die hele stelsel te verdoem nie, maar om dit tot verantwoording te roep. En om te vra: Watter soort universiteit wil ons wees?

Een respondent se wyse woorde was: *“Suid-Afrika kan dit nie alleen maak nie. Óf die vasteland maak dit saam, óf glad nie.”*

Met die voorbereidings vir die viering van Afrika-dag op 25 Mei het ek die gewigtige verklaring van die Afrika-unie in gedagte gehou: dat 2025 die jaar is vir “Geregtigheid vir swart mense en mense van Afrika-afkoms deur regstellings”. Dis ongetwyfeld ’n beroep vir historiese afrekening – vir reparasie, vir die herstel van waardigheid ná eeue van diefstal en verplasings. Maar geregtigheid kan nie net ’n projek oor die verlede wees nie. Dit moet ook ’n eis van die hede wees. En dit moet in hierdie land begin. Vir die ongeregthede wat ons mekaar steeds aandoen – nie aan die kantlyne van die *empire* nie, maar op Afrika-grond en binne die heiligdomme van kennis.

In reaksie op ons ondersoek na die lewe van Afrika-akademici aan Suid-Afrikaanse universiteite het prof Achille Mbembe, een van die intellektuele wat hulle gedagtes aangebied het, die vereistes vir geregtigheid in twee woorde opgesom: radikale gasvryheid.

In ons studie is hierdie frase nie ’n metafoor nie, maar ’n beginsel, ’n etiek. ’n Etiek van radikale gasvryheid wat die logika van grense en burokrasieë onderbreek en daarop aandring dat Afrika gasvry jeens homself moet wees. Om na so ’n etiek te beweeg moet universiteite hulself herverbeel. En daardie herverbeelding verg aksie:

- Oudit en wysig indiensnemings- en bevorderingsbeleide wat internasionale swart wetenskaplikes benadeel.
- Sien toe dat daar formele, goed ondersteunde bane van tydelike na permanente poste is.
- Vestig of versterk toegewyde kantore vir internasionale personeelondersteuning, wat regs- en immigrasiedienste insluit.
- Verskaf opleiding in interkulturele bevoegdhede aan leiers.
- Vestig duidelike meganismes om diskriminasie aan te meld en aan te pak.

Radikale gasvryheid is nie liefdadigheid nie. Dit is 'n voorwaarde vir die oorlewing van die vasteland. Ons boek kom tot die volgende gevolgtrekking: *“Vir Suid-Afrikaanse universiteite om die naam waardig te wees, moet hulle die beginsels van openheid en radikale gasvryheid, wat vinnig deur huidige beleide verweer word, sonder vrees handhaaf”*.

Dis tyd dat ons verby die fiksie van die gedekoloniseerde, transformerende en/of geïnternasionaliseerde universiteit beweeg. Dit is nie genoeg om die vasteland deur die voorhek te verwelkom en dan sy akademici na die agterste gange van onsekerheid en stilte te verban nie. 'n Ware gedekoloniseerde universiteit duld nie Afrika-teenwoordigheid nie – dit maak Afrika die middelpunt.

Kom ons begin daar.

***Dr Precious Simba werk by die Departement Onderwysbeleidstudies aan die Universiteit Stellenbosch. Hierdie artikel is deels op die boek *Academic Xenophobia: African Scholars in South African Universities* (Springer Nature, 2025) gegrond wat sy saam met prof Jonathan Jansen en wyle dr Cyrill Walters geskryf het.**